Goeie More Gr4's,


Julle gaan hierdie week 'n bietjie meer SW doen. Ons gaan Dinsdag, Woensdag, Donderdag en Vrydag SW doen. Aktiwiteite word op lyntjies papier gedoen. Merk asb die werk met die leerders. Bewaar die werk op 'n veilige plek vir wanneer die skole weer begin. Hierdie is **nuwe werk**, dus is dit uiters belanglik.

**Woensdag, 13 Mei 2020**
**Geskiedenis**

# Mahatma Gandhi

## Gandhi kom na Durban

In die res van hierdie hoofstuk sal jy van nog 'n groot leier lees. Sy naam was Mohandas Gandhi. Hy het in 1893 in Durban aangekom uit Indië om as prokureur te werk.






Gandhi was 'n Hindoe wat die godsdiens Hindoeïsme aangehang het. Volgelinge van die Hindoe-godsdiens dra **tulbande** op hulle koppe om hulle hare te beskerm.

Gandhi het sy lewe daaraan gewy om andere te dien. Hy het nie daarin geglo om homself te verryk nie. Hy was baie godsdienstig. Soos alle Hindoes, was hy 'n vegetariër en het nie vleis geëet nie.

**Nuwe woord:**

- **tulbande** – lang serpe wat om die kop gevou word


1


2


3

Aktiwiteit 1:

Kyk na die 3 foto's van Gandhi en beantwoord die volgende vrae op jou lyntjies papier.

1. Wat dra hy om sy kop te bedek?
2. Watter foto is van toe hy 'n kind was?
3. Watter foto is geneem toe hy 'n jong man was?
4. Watter foto is geneem toe hy 'n prokureur was?

Memo:

1. Tulbande is gedra om sy kop te bedek.
2. Prent 3
3. Prent 1
4. Prent 2